Semi-duursaam .....	0	½	1½	3	3	3
Nie-duursaam .....	1½	2	2½	2½	½	2
Dienste .....	1	½	½	2	2	1½
Totaal .....	1	1½	1½	2½	1½	2½

owerheid, wat in die laaste twee kwartale van 1993 teen hoë jaarkoerse van  $4\frac{1}{2}$  en 6 persent van kwartaal tot kwartaal toegeneem het, het in die eerste twee kwartale van 1994 verder teen jaarkoerse van 9 en  $3\frac{1}{2}$  persent gestyg. Hierdie skerp stygging in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid is deur 'n klein toename in die vergoeding van werknemers teen konstante pryse en 'n heelwat hoër reële besteding aan intermediêre goedere en dienste teweeggebring. Laasgenoemde stygging is deur 'n toename in die


besteding van verskeie departemente en owerheidsliggame veroorsaak, veral buitebegrotingsinstellings met inbegrip van die voormalige TBVC-lande en selfregerende state.

Die toename in die reële bruto binnelandse vaste investering sedert die tweede kwartaal van 1993, het in die tweede kwartaal van 1994 voortgeduur. Die reële besteding aan vaste kapitaalvorming het van die laagtepunt in die eerste kwartaal van 1993 tot die tweede kwartaal van 1994 merkbaar herstel en die persentasietoename teen 'n jaarkoers het oor hierdie tydperk  $3\frac{1}{2}$  persent beloop. Die jongste ramings toon boonop dat die toename in die totale reële bruto binnelandse vaste investering skerp gestyg het van 'n opwaarts-hersiene jaarkoers van  $5\frac{1}{2}$  persent in die eerste kwartaal van 1994 tot bykans 7 persent in die tweede kwartaal. Hierdie

#### Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



#### Reële bruto binnelandse vaste investering



toename was die netto gevolg van 'n uitbreiding in die reële besteding aan kapitaalgoedere deur die private sektor en die openbare korporasies, wat 'n verdere daling in die reële kapitaalvorming deur die openbare owerhede meer as geneutraliseer het.

Soos in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag van 1994* aangedui word, was veral die kapitaalbesteding aan 'n paar groot projekte vir die herstel in die vaste investering van die private sektor verantwoordelik. Die toename in die reële kapitaalbesteding in die tweede kwartaal van 1994 het egter dwarsdeur die ekonomie voorgekom. 'n Merkbare verbetering in die landbou-inkome het 'n skerp styging in die investering van hierdie sektor veroorsaak. Die besteding aan reële vaste investering deur die mynbousektor het ook vinnig bly styg vanweë die behoefte om verouderde toerusting te vervang, die uitbreiding van die produksievermoë vir sekere onedelmetaale en minerale en die voortgesette besteding aan die ontwikkeling van sommige nuwe myne. Besteding aan masjinerie en elektriese toerusting het ook toenames in die vaste investering van die fabriekswese, finansiële instellings en die konstruksiebedryf veroorsaak.


Die groei in die reële vaste kapitaalvorming deur die *openbare korporasies* het in die eerste twee kwartale van 1994 teen jaarkoerse van 36½ persent en 17 persent gestyg. Dit het voortgespruit uit die positiewe groei in die investering deur bykans al die subsektore, maar was veral opmerklik in die infrastruktuurontwikkelings van die sektore wat elektrisiteit- en telekommunikasiedienste verskaf. Die daling in die vaste investering deur die *openbare owerhede* was in die reële investering van die sentrale owerheid en die provinsiale administrasies waarmeebaar, wat die toenames in die vaste investering deur die plaaslike owerhede en ondernemings van die algemene owerheid geneutraliseer het.

Die *opbou van voorrade* wat in die tweede helfte van 1993 begin het, het in die eerste ses maande van 1994 voortgeduur. Voorraadopbouing het veral plaasgevind in die landbouvoorraade in die handel as gevolg van groter graanoeste, in die mynboubedryf, die sektor wat elektrisiteit, gas en water verskaf en in die handel. 'n Afboeling van voorrade in die fabriekswese was verantwoordelik vir 'n verdere daling in die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk, naamlik van 'n reeds lae 16½ persent in 1993 tot 16 persent in die tweede kwartaal van 1994.

#### Faktorinkome en besparing

Die groei oor vier kwartale in die totale *nominale faktorinkome* teen markpryse het van 14 en 12½ persent in die laaste twee kwartale van 1993 tot 12½ persent in die eerste kwartaal van 1994 en 11½ persent in die tweede kwartaal verlangsaam. Die voortgesette daling in die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale faktorinkome was te wyte aan die laer groei van sowel die bruto bedryfsurplus as die totale arbeidsvergoeding. Die buitengewone toestande wat voor en onmiddellik na die verkiesing in April geheers het, en die verlangsaming in

#### Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



die groei van die uitvoer, het die koers van toename in die bruto bedryfsurplus van 12½ persent in 1993 tot slegs 10½ persent (oor twaalf maande gemaat) in die eerste helfte van 1994 laat verlangsaam. Die koers van toename in die totale vergoeding van werknemers het ook afgeneem van 11½ persent in 1993 tot 9½ persent in die eerste helfte van 1994 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1993.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het weer in die tweede kwartaal effens gestyg nadat dit van 18 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot 16½ persent in die eerste kwartaal van 1994 gedaal het. Hierdie klein verbetering in die besparingsverhouding kon hoofsaaklik aan 'n daling in die netto *ontsparing deur die algemene owerheid* toegeskryf word, wat 'n klein afname in die netto besparing deur die private sektor uitgeskakel het. Veral vanweë die hoër inkomste uit direkte en indirekte belastingbronne en kleiner oordragbetelings aan huishoudings, het die lopende inkomste van die algemene owerheid in verhouding meer as die lopende uitgawes gestyg.

Die afname in die netto *besparing deur die private sektor* is deur 'n laer netto besparing van die maatskappye sektor veroorsaak vanweë hoër dividend- en rentebetelings en groter belastingverpligtinge. Netto persoonlike besparing het in die tweede kwartaal van 1994 op ongeveer dieselfdevlak as in die voorafgaande kwartaal gebly en die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkomste het die jongste gemiddelde koers van ongeveer 4½ persent

gehandhaaf. Dit is effens minder as die persoonlike besparingsverhouding van 5 persent in die eerste helfte van 1993 maar ongeveer dieselfde as die gemiddelde verhouding in die kalenderjaar 1993.

### Werkverskaffing

Die herstel in die ekonomiese bedrywigheid kon nog nie daarin slaag om die afwaartse beweging in die totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou om te keer nie. Die totale werkverskaffing in die ekonomiese sektore buite die landbou het ononderbroke van die tweede kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1993 gedaal (die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel is). Die koers van afname in die werkverskaffing buite die landbou het boonop aansienlik versnel van 0,6 persent in 1989 tot 2,5 persent in 1993. Die ekonomiese herstel het egter daarin geslaag om die koers van afname in die totale werkverskaffing te verminder. Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing het merkbaar afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 4,8 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot slegs 1,6 persent in die vierde kwartaal.



Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing van die private sektor buite die landbou het ook verlangsaam van 'n onlangse hoë seisoensa-

gesuiwerde jaarkoers van 3,3 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot 1,7 persent in die derde kwartaal, voor dit weer tot 3,0 persent in die vierde kwartaal versnel het. Dit het die koers van afname in die kalenderjaar 1993 op 2,5 persent te staan gebring; in 1991 en 1992 is effens groter dalings van onderskeidelik 3,6 en 3,1 persent aangeteken.

In teenstelling met die afname in die werkverskaffing deur die private sektor, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede in die tydperk 1990 tot 1992 bly toeneem. Die koers van toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede het eers teen die einde van 1992 begin daal en in 1993 is die arbeidsmag van die openbare owerhede met 2,5 persent verminder. In die tweede helfte van 1993 het die werkverskaffing deur die openbare owerhede egter weer ietwat gestyg, maar in die eerste kwartaal van 1994 is dit deur 'n verdere afname teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,6 persent gevolg.

Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werkloses het die aansienlike afnames in die totale werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou weerspieël en in 1992 met 16,2 persent en in 1993 met 8,8 persent toegeneem. Nadat 'n hoogtepunt van 336 000 werkloses in September 1993 bereik is, het die totale aantal geregistreerde werkloses in Mei 1994 egter tot 239 000 afgeneem.

### Werkverskaffing in nie-landbousektore



### Arbeidskoste en produktiwiteit

Ondanks die hoë werkloosheid, het die koers van toename in die nominale arbeidsvergoeding per werker slegs matig gedaal van 'n hoogtepunt van 18,3 persent in 1989 tot 15,4 persent in 1992. Die koers van toename in die nominale loon per werker het eers teen die einde van die resessie meer opmerklik afgeneem tot 10,6 persent in 1993. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in die sektore buite die landbou het ook van 'n hoogtepunt van 16,3 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot slegs 9,2 persent in die vierde kwartaal van 1993 verminder.

Hierdie afwaartse neiging in die nominale loonstygings was waarneembaar in die lone van werkers in die private sektor sowel as dié wat in die diens van die openbare owerhede was, maar die koers van toename in die lone van werknemers in die openbare owerhede het aansienlik skerper verlangsaam. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede het van 18,7 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot slegs 5,4 persent in die vierde kwartaal van 1993 gedaal; daarna het dit egter weer tot 8,9 persent in die eerste kwartaal van 1994 gestyg. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in die private sektor het van 16,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 11,2 persent in die vierde kwartaal van 1993 afgeneem. In die kalenderjaar 1993 het die koers van toename in die nominale vergoeding per werker in diens van die

openbare owerhede en die private sektor op onderskeidelik 9,3 en 11,3 persent te staan gekom, vergeleke met 21,9 en 16,7 persent in 1989.

As gevolg van die hoë koerse van toename in die nominale lone, was die veranderings in die gemiddelde jaarlikse reële vergoeding per werker (soos gedefleer met die deflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) vir die duur van die tydperk 1989 tot 1992 positief. In 1993 het die reële vergoeding per werker egter nie verder toegeneem nie. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker het afgeneem van 'n hoë 3,0 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot koerse van -1,2, 0,1 en -0,4 persent in die laaste drie kwartale van 1993.

Die groei in arbeidsproduktiwiteit in die sektore van die ekonomie buite die landbou het versnel van 0,3 persent in 1990 tot 1,2 persent in 1992, en daarna selfs meer beduidend tot 3,1 persent in 1993. Hierdie goeie prestasie van produktiwiteit in 1993 is teweeggebring deur verdere afnames in die werkverskaffing, die herstel van ekonomiese bedrywigheid en minder voortvalle van arbeidsonrus. Die koers van toename oor vier kwartale in die arbeidsproduktiwiteit het ook aansienlik toegeneem van -0,1 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 4,2 persent in die vierde kwartaal van 1993.

Die opmerklik laer koers van toename in die nominale vergoeding van werkers en die toename in die reële produksie per werker was grotendeels verantwoordelik vir 'n skerp daling in die groei van die *nominale arbeidseenheidskoste* van 16,9 persent in 1990 tot 7,3 persent in 1993. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste het ook van 'n hoë 16,1 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot slegs 4,8 persent in die vierde kwartaal van 1993 afgeneem. Hierdie afname het 'n positiewe uitwerking gehad op die winsgewendheid van sakeondernemings in die private sektor en hou belofte in vir toekomstige investering en ekonomiese groei op voorwaarde dat die huidige vlaag van arbeidsonrus nie die vordering wat reeds gemaak is, ongedaan maak nie.

As gevolg van die laer groei in die nominale arbeidseenheidskoste, het die *reële arbeidseenheidskoste* in 1993 inderdaad met 3 persent gedaal, vergeleke met 'n steeds positiewe groei in hierdie totaal van 0,9 persent in 1991 en 0,7 persent in 1992. Die koers van afname oor vier kwartale in die reële arbeidseenheidskoste het boonop van 0,8 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 4,4 persent in die vierde kwartaal versnel – die grootste afname in die reële arbeidseenheidskoste sedert die vierde kwartaal van 1985 toe 'n koers van 6,2 persent aangeteken is.

### Pryse


Hoewel aansienlike sukses gedurende die afgelope drie jaar met die verlaging in die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks en die omvattende verbruikersprysindeks behaal is, is die koerse van toename in hierdie indekse steeds betekenisvol hoër as die inflasiekoerse van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande. Sekere faktore het ook onlangs na vore getree wat dreig om die algemeen afwaartse beweging van inflasie om te keer. Die vernaamste hiervan sluit in die versnelde toenames in voedselprysse as gevolg van die heropbou van kuddes deur veeboere en die rypskade aan vrugte- en groente-oeste in verskeie dele van die binneland. Inflasieverwagtings word ook aangewakker deur twyfel oor die handhawing van fiskale discipline, opwaartse druk op lone, hoë internasionale oliepryse en die voortgesette afwaartse druk op die wisselkoers van die rand.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* het hoofsaaklik as gevolg van die depresiasie van die rand onlangs skerp versnel van 'n negatiewe koers van 5,4 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 16,6 persent in die tweede kwartaal van 1994. Die koers van toename in die prys van *ingevoerde goedere* oor tydperke van twaalf maande weerspieël nog nie die uitwerking van hierdie verandering nie. Aanvanklik het hierdie koers van toename steeds afgeneem van die jongste hoogtepunt van 6,8 persent in Junie 1993 tot slegs 2,7 persent in Maart 1994, voordat dit matig versnel het tot 4,4 persent in Junie. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die

### Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en eenheidskoste in nie-landbousektore



## Produksiepryse



pryse van ingevoerde goedere was sedert Maart 1991 byna deurgaans laer as die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks.


Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prysie van binnelands geproduseerde goedere het ook in 1994 begin styg, naamlik van 5,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 10,4 persent in die eerste twee kwartale van 1994. Die koers van toename in die prysie van binnelands geproduseerde goedere oor tydperke van twaalf maande het aanvanklik slegs matig toegeneem van 'n laagtepunt van 5,7 persent in Oktober 1993 tot 6,8 persent in April 1994; daarna het dit egter meer opmerklik tot 8,7 persent in Junie versnel. Die opwaartse beweging van die

toenames in hierdie prysindeks is hoofsaaklik veroorsaak deur hoër koerse van toename in die prysie van landbouprodukte.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende produksieprysindeks het as gevolg van die veranderings in die prysie van ingevoerde en binnelands geproduseerde goedere van 3,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 10,4 persent in die tweede kwartaal van 1994 toegeneem. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende produksieprysindeks het ook opwaarts beweeg van 'n lae 5,4 persent in Oktober 1993 tot 7,9 persent in Junie 1994. Hierdie koerse van toename in die produksiepryse het nietemin gedurende die afgelope twee-en-dertig maande enkelsyfervlakte aangeteken.

Sedert die eerste enkelsyferkoers van toename in ongeveer 15 jaar in Desember 1992 aangeteken is, het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks tot Maart 1994

## Verbruikerspryse



Tabel 3. Persentasieverandering in verbruikerspryse oor tydperke van twaalf maande

	Okt '91	Des '92	Apr '93	Des '93	Apr '94	Jul '94
Goedere.....	18,8	12,0	12,5	9,3	6,8	9,0
Dienste.....	13,6	6,7	9,0	9,7	7,5	7,5
Totaal.....	<b>16,8</b>	<b>9,6</b>	<b>11,0</b>	<b>9,5</b>	<b>7,1</b>	<b>8,2</b>
Totaal, voedsel uitgesluit.....	14,8	8,4	11,6	10,7	6,6	6,5

tussen 9 en 10 persent gewissel. Die koers van toename oor twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks het daarna aansienlik afgeneem tot slegs 7,1 persent in April toe die uitwerking van die verhoogde indirekte belastings wat in die Begroting vir 1993/94 aangekondig is, dit nie meer beïnvloed het nie; daarná het hierdie koers weer tot 8,2 persent in Julie versnel.

Die inflasie in die omvattende verbruikersprysindeks is onlangs aansienlik beïnvloed deur toenames in voedselprysse. Dit word duidelik uitgebeeld deur die koers van toename in die verbruikersprysindeks van alle ander goedere en dienste (dit wil sê, met die uitsondering van voedsel en nie-alkoholiese drank) wat in Julie 1994 1,7 persentasiepunte laer was as die toename in die omvattende verbruikersprysindeks. Terwyl die prysse van die meeste verbruikersgoedere en -dienste bykans in ooreenstemming met die omvattende verbruikersprysindeks toegeneem het, het die koers van toename in voedselprysse in Julie 1994 14,9 persent beloop as dit met die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar vergelyk word.

## Buitelandse handel en betalingsbalans

### Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat aansienlik van 'n kwartaallike gemiddelde van R5,7 miljard in die tweede helfte van 1993 tot R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1994 verswak het, het in die tweede kwartaal effens tot R2,6 miljard verbeter. Die onaangesuiwerde oorskot het in die eerste helfte van 1994 slegs R0,5 miljard beloop; in die ooreenstemmende tydperk van 1993 het die oorskot R3,3 miljard bedra.

Die betreklike swak vertoning van die saldo op die lopende rekening in die eerste helfte van 1994 kon aan buitengewone omstandighede toegeskryf word. Algemene onsekerheid oor die uitkomst van die politieke oorgangsproses in Suid-Afrika en arbeidsonrus het sowel die binnelandse produksie as die uitvoer-hoeveelhede van vervaardigde goedere nadruklik beïnvloed. 'n Styging in die reële vaste investering en 'n opbouing van voorrade het terselfdertyd tot 'n skerp toename in invoerhoeveelhede aanleiding gegee. Hoewel daar min rede is om te verwag dat invoerhoeveelhede nie in die tweede helfte van 1994 verder sal toeneem nie, kan bestendiger binnelandse omstandighede en die internasionale ekonomiese herstel veroorsaak dat die fisiese omvang van die uitvoer gedurende hierdie tydperk beter sal vertoon.


Nadat die waarde van *goedere-uitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van R63,6 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot R61,3 miljard in die eerste kwartaal van 1994 gedaal het, het dit in die tweede kwartaal van 1994 weer tot R64,7 miljard, of met 5% persent gestyg. Die hoë waarde van die uitvoer was grotendeels die gevolg van 'n toename van sowat 4 persent in die prysse van uitgevoerde goedere. Uitvoerprysse het van die begin van 1994 vinniger as die prysse van ingevoerde goedere gestyg, met die gevolg dat Suid-Afrika se ruiervoer (goud uitgesonderd) begin styg

**Tabel 4. Lopende rekening van die betalingsbalans**  
Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1993				1994		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer.....	48,6	56,2	55,8	63,6	56,1	61,3	64,7
Netto gouduitvoer.....	21,0	22,2	24,5	21,2	22,2	22,6	23,2
Goedere-invoer.....	-56,1	-55,8	-59,3	-64,0	-58,8	-65,7	-71,4
Netto dienste- en oordragbetalings....	-11,7	-12,0	-15,0	-15,5	-13,6	-15,9	-13,9
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>1,8</b>	<b>10,6</b>	<b>6,0</b>	<b>5,3</b>	<b>5,9</b>	<b>2,3</b>	<b>2,6</b>

## Betalingsbalans: Lopende rekening



het. Hierdie verbetering het hoofsaaklik met 'n skerp toename in internasionale grondstofpryse verband gehou; *The Economist* se indeks vir internasionale grondstofpryse het van 'n onderste draapunt in Oktober 1993 tot in Julie 1994 met bykans 42 persent gestyg. Uitvoerpryse is ook deur die depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar beïnvloed aangesien Suid-Afrika se uitvoer hoofsaaklik in hierdie geldeenheid betitel is.


Die depresiasie in die wisselkoers van die rand en 'n sterker internasionale vraag vanweë die toename in ekonomiese bedrywigheid kon in die eerste helfte van 1994 nie daarin slaag om die uitvoer van goedere te bevorder nie. Die fisiese omvang van die goedere-uitvoer het in die tweede kwartaal van 1994 met slegs 1½

persent gestyg; spesiale omstandighede was vir die daling van 5½ persent in die hoeveelhede van die uitvoer van goedere in die eerste kwartaal van 1994 verantwoordelik. Hierdie swak vertoning van die hoeveelhede van totale goedere-uitvoer is aangeteken ondanks 'n aansienlike toename in die uitvoer van die mynbou- en landbouprodukte. In die besonder het die uitvoer van chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting, papierproduktes, tekstiele en vervoertoerusting verminder.

Toenames in die prys en die hoeveelheid van die netto gouduitvoer het saam 'n matige styging van 2½ persent van die eerste kwartaal van 1994 tot die tweede kwartaal meegebring. Die goudprys het oor dieselfde tydperk van 'n gemiddeld van R1 321 per fyn ons tot R1 380 per fyn ons gestyg, terwyl die fisiese omvang van die netto gouduitvoer met 1 persent toegeneem het. Die hoër randprys van goud was die gevolg van die depresiasie van die rand teenoor die dollar; die dollarprys van goud het van VSA\$384 per fyn ons in die eerste kwartaal tot \$382 per fyn ons in die tweede kwartaal teruggesak. In Julie het die gemiddelde randprys van goud sterk gestyg tot R1 414 per fyn ons.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R71,4 miljard was die waarde van die goedere-invoer in die tweede kwartaal van 1994 21 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1993. Skerp toenames het in die invoer van olie en vervaardigde produktes voorgeskommel; besondere sterk toenames is in die kategorieë chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en papierproduktes aangeteken. Soos wat met die depresiasie van die rand verwag kon word,

## Reële goedere-invoer en -uitvoer



was 'n groot deel van die toename in die waarde van goedere-invoer in die tweede kwartaal van 1994 die gevolg van prysstygings (3½ persent). Wat meer verrassend vir hierdie stadium van die konjunktuursiklus is, is dat die invoerhoeveelhede van die eerste tot die tweede kwartaal van 1994 teen 'n hoë koers van 5 persent toegeneem het. Soos breedvoerig in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van 1994 bespreek is, het die sterk vertoning in die fisiese omvang van die goedere-invoer in 1993 en 1994 waarskynlik met faktore soos Suid-Afrika se hoë marginale invoergeneigdheid, die vervanging van verouderde en uitgediende toerusting, 'n stygging in vaste investering en 'n opbouing van voorrade verband gehou.


*Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners*, wat van die tweede helfte van 1993 aansienlik toegeneem het, het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1994 met 12½ persent gedaal. Hierdie kleiner tekort op die diensterekkening was grotendeels die gevolg van 'n toename in ontvangste vir dienste voortspruitend uit die groter aantal buitelandse toeriste wat Suid-Afrika besoek het en 'n afname in rentebetאלings op die kleiner bedrag wat aan nie-inwoners verskuldig was.

### Kapitaalbewegings

*Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie*, het matig toegeneem van R1,1 miljard in die eerste kwartaal van 1994 tot R2,6 miljard in die tweede kwartaal. In die eerste helfte van 1994 het die totale netto uitvloeiing derhalwe R3,7 miljard beloop, wat aansienlik kleiner was as die R9,8 miljard in die tweede helfte van 1993 en die R6,5 miljard in die eerste helfte van daardie jaar. Hierdie uitvloeiing in die eerste helfte van 1994 was merkwaardig klein in die lig van die groot politieke oorgangsproses in die land.

Die toename in die totale netto uitvloeiing van kapitaal van die eerste tot die tweede kwartaal van 1994 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n ommekeer in die bewegings van *korttermynkapitaal* (nie verwant aan reserwes nie, maar insluitende foute en onaangetekende transaksies) van 'n klein invloeiing na 'n uitvloeiing van kapitaal gedurende hierdie tydperk. Onsekerhede oor die verkiesingsproses en vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangstes wat met die swak prestasie van die rand verband gehou het, was waarskynlik hoofsaaklik vir hierdie verandering verantwoordelik. Uit veranderings in die buitelandse valutareserves en in Suid-Afrika se buitelandse handel, blyk dit dat hierdie uitvloeiing hoofsaaklik in April voorgekom het en dat 'n invloeiing van korttermynkapitaal waarskynlik gedurende die res van die tweede kwartaal plaasgevind het. Dit is ook interessant om in die bygaande tabel te merk dat die buitelandse korttermynlaste van private banke, wat reeds in die eerste kwartaal van 1994 skerp toegeneem het, in die tweede kwartaal nog verder gestyg het. Redelike stram binneilandse geldmarktoestande het hierdie instellings aangemoedig om hul fondse uit die buiteland aan te vul.

**Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie**



Die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* in die tweede kwartaal van 1994 het ongeveer R1,6 miljard beloop, wat min of meer dieselfde omvang was as die uitvloeiing in die vorige kwartaal. Die uitvloeiing van langtermynkapitaal in die tweede kwartaal het hoofsaaklik bestaan uit betalings op regeringsgewaarborgde skuld van R0,5 miljard en geaffekteerde skuld wat in terme van die skuldooreenkoms met buitelandse krediteurbanke na langtermynlenings buite die sogenaamde stilstandhet omgeskakel is en wat nou betaalbaar geword het. Nie-inwoners was boonop in die tweede kwartaal van 1994 netto verkopers van sekuriteite wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is ten bedrae van R0,7 miljard; hierdie verkope is uiteraard deur ooreenstemmende invloeiinge in ander poste op die betalingsbalans geneutraliseer, aangesien dit deur die finansielerand-meganisme plaasgevind het. Belangriker egter, is dat die private sektor en openbare instansies in

**Tabel 5. Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)**

R miljoene

	1993					1994	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
<b>Langtermynkapitaal</b>							
Openbare owerhede.....	-119	-597	-738	-619	-2 073	-253	-309
Openbare korporasies .....	-526	-132	-140	-876	-1 674	-483	-438
Private sektor .....	441	750	-224	1 280	2 247	-945	-900
<b>Totale langtermynkapitaal.....</b>	<b>-204</b>	<b>21</b>	<b>-1 102</b>	<b>-215</b>	<b>-1 500</b>	<b>-1 681</b>	<b>-1 647</b>
<b>Korttermynkapitaal</b>							
Monetêre sektor .....	-1 799	-1 033	652	-629	-2 809	2 254	1 327
Ander, insluitende onaangetekende transaksies .....	-1 652	-1 787	-3 900	-4 625	-11 964	-1 682	-2 286
<b>Totale Kapitaalbewegings, laste verwant aan reserwes uitgesluit.....</b>	<b>-3 655</b>	<b>-2 799</b>	<b>-4 350</b>	<b>-5 469</b>	<b>-16 273</b>	<b>-1 109</b>	<b>-2 606</b>

die tweede kwartaal van 1994 nuwe langtermynfondse van ongeveer R0,4 miljard bekom het.


#### Buitelandse reserwes

Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie en die betreklike klein oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het veroorsaak dat Suid-Afrika se totale *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die tweede kwartaal van 1994 met R2,3 miljard gedaal het. Na afloop van 'n daling van R0,9 miljard in die eerste kwartaal van 1994, het die totale netto buitelandse reserwes in die eerste helfte van

1994 met R3,2 miljard afgeneem. Die verdere daling in die netto buitelandse reserwes van die land in die tweede kwartaal het hoofsaaklik in April voorgekom; 'n daling van slegs R0,3 miljard is in Mei en Junie aangeteken. Verder het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank in Julie en Augustus 1994 met nie minder nie as R2,7 miljard toegeneem.

Die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het in die tweede kwartaal van 1994 met R0,6 miljard gedaal; hierdie bedrag was aansienlik kleiner as die afname in die netto buitelandse reserwes vanweë verdere lenings wat aan reserwes verwant is wat teen 'n netto bedrag van R1,8 miljard deur die Reserwebank aangegaan is. Aan die einde van Junie 1994 het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes op R9,7 miljard te staan gekom; dit was gelykstaande aan ongeveer vyf weke sa invloer van goedere en dienste. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het in Julie en Augustus 1994 weer met 'n bedrag van R0,8 miljard toegeneem tot 'n vlak van R7,9 miljard aan die einde van Augustus.

#### Bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank



#### Wisselkoerse

Die kwynende reservewaposisie van die land en sosio-politieke onsekerhede het meegebring dat die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand in die eerste kwartaal van 1994 met 4,1 persent en van 31 Maart 1994 tot 13 Julie 1994 met 'n verdere 8,3 persent gedaal het. Die rand het oor dieselfde tydperk teenoor al die belangrikste gelddeenheide gedepresieer. Die styging in die buitelandse reserwes van die Reserwebank, intervensie deur die monetêre owerheid in die mark vir buitelandse valuta en 'n swakker dollar as gevolg van stygende

**Tabel 6. Veranderings in die wisselkoerse van die rand**

%

	31 Des 1993 tot 31 Mrt 1994	31 Mrt 1994 tot 30 Jun 1994	30 Jun 1994 tot 13 Jul 1994	13 Jul 1994 tot 31 Aug 1994	31 Des 1993 tot 31 Aug 1994
Geweegde gemiddelde .....	-4,1	-6,9	-1,5	3,4	-9,1
VSA-dollar .....	-2,1	-4,9	-0,1	1,9	-5,2
Britse pond .....	-2,6	-8,2	-1,9	4,0	-8,7
Duitse mark .....	-5,8	-9,3	-3,8	4,7	-13,9
Japanse yen .....	-10,2	-8,2	-1,6	4,4	-15,3
Nederlandse gulden .....	-5,4	-9,5	-3,8	4,8	-13,6
Italiaanse lira .....	-7,9	-6,6	-4,1	6,4	-12,2


rentekoerse in verskeie nywerheidslande het vervolgens 'n toename in die geweegde gemiddelde waarde van 3,4 persent van 13 Julie 1994 tot 31 Augustus 1994 meegebring. In die eerste agt maande van 1994 het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gevvolglik met 9,1 persent gedaal.

Die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die eerste sewe maande van 1994 het die inflasie-differensiaal tussen Suid-Afrika en sy

vernaamste handelsvennote oorskry. Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het derhalwe van Desember 1993 tot Julie 1994 met 7,5 persent gedaal.

In die *mark vir finansiële rand* het kommer oor politieke ontwikkelings, arbeidsonrus en winsneming geleid tot 'n skerp depresiasi van die wisselkoers van die finansiële rand vanaf die begin van 1994 tot 'n algehele laagtepunt van R5,58 per dollar op 11 April 1994. Namate dit duidelik geword het dat die politieke oorgangsproses in vrede sou geskied, het die finansiële rand op 2 Mei 1994 weer tot R4,55 per dollar geappresieer. In die daaropvolgende tydperk het die finansiële rand tussen die marge van R4,45 en R4,93 per dollar verhandel; by tye het dit skerp gewissel vanweë ongegronde gerugte dat die finansiële rand afgeskaf sou word. Op 31 Augustus 1994 was die wisselkoers van die finansiële rand R4,50 per dollar en het die finansielerand-diskonto 20,2 persent beloop.

### Wisselkoerse van die rand




## Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

### Geldvoorraad


Die koers van toename in al die monetêre totale het in die eerste sewe maande van 1994 versnel. Dit word duidelik weerspieël in die koers van toename in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (*M3*) oor tydperke van twaalf maande, wat van 7,0 persent in Desember 1993 tot 15,0 persent in Junie 1994 en tot 'n voorlopig geraamde 16,7 persent in Julie 1994 gestyg het. As gevolg van hierdie vinniger groei, het die maandelikse waardes van *M3* tot op datum in 1994 die boonste perk van die nuwe riglyngrens van 6-9 persent wat vir die jaar gestel is, merkbaar oorskry. Die geraamde seisoensaangesuiwerde waarde van *M3* het aan die einde van Julie 1994 R229,9 miljard beloop, wat R9,4 miljard of 4,3 persent hoër as die ooreenstemmende waarde van die boonste perk van die riglyngrens is.

Soos in meer besonderhede in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van 1994 beskryf is, is hierdie versnelling in die groei van die geldvoorraad veroorsaak deur 'n toename in ekonomiese bedrywigheid, 'n verbetering in die kontantvloei van sake-ondernehemings en 'n styging in die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor. Hoër maatskappywinste en 'n afname in regeringsdeposito's by banke om die aankoop van goedere en dienste van die private sektor te finansier het

### Monetêre totale



### Riglyne vir groei in *M3*



tot 'n groot kontantvloei na die private sakegemeenskap bygedra. Die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor het terselfdertyd gestyg vanweë politieke onsekerhede, verwagte veranderings in rentekoerse en verwagtings van groot prysaanpassings in die aandele- en die effektemark. Die onsekere politieke en beleggingsklimaat is nie net in 'n toename in die totale depositobesit geopenbaar nie, maar ook in 'n duidelike voorkeur vir kortertermyndeposito's by monetêre instellings.

Die hoër likwiditeitsvoorkleur van die private sektor gedurende die eerste helfte van 1994 is ook in die groeikoerse oor twaalf maande in die enger monetêre totale weerspieël. Die groeikoers oor twaalf maande in *M1A* en *M1* het onderskeidelik van 16,6 persent en 6,7 persent in Desember 1993 tot 25,1 persent en 28,2 persent in Junie 1994 gestyg. Die ooreenstemmende groeikoers in *M2* het op soortgelyke wyse en oor dieselfde tydperk skerp gestyg van slegs 3,9 persent tot 17,4 persent. Die hoër likwiditeitsvoorkleur van die private sektor word ook in tabel 7 weerspieël, wat aantoon dat die private sektor se tjeke- en transmissiedepozyto's en

**Tabel 7. Deposito's van die private sektor by die monetêre sektor**

	Munte en note in omloop	Tjek- en transmissie- deposito's	Ander onmiddellik opeisbare deposito's	Ander kort- en middel- termyn- deposito's	Lang- termyn- deposito's	M3
Totaal uitstaande soos op						
31 Des 1993 (R miljarde) .....	10,5	35,8	30,1	102,5	32,0	211,0
30 Junie 1994 (R miljarde) .....	11,4	41,1	38,5	106,0	28,1	225,2
Verandering van Des 1993 tot Jun 1994 (R miljarde) .....	0,9	5,3	8,4	3,5	-3,9	14,2
Persentasieverandering van Des 1993 tot Jun 1994.....	8,4	14,8	28,1	3,4	-12,1	6,7

ander onmiddellik opeisbare deposito's skerp gestyg het, terwyl hul langtermyndepositos by die monetêre sektor in absolute terme trouens gedaal het.

Die vernaamste teenhangers (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R14,2 miljard in M3 gedurende die eerste helfte van 1994, was soos volg:

	R miljarde
Netto buitelandse bates .....	-6,3
Regeringsektor: Netto eise .....	14,8
Bruto eise.....	11,0
Regeringsdeposito's (toename -, afname +) .....	3,8
Eise teen die private sektor .....	10,9
Netto ander bates en laste.....	-5,2
<b>Totale verandering in M3 .....</b>	<b>14,2</b>

Hierdie bedrae is verwrig deur die uitreiking van spesiale staatseffekte van R7,5 miljard aan die Reserwebank, wat 'n verskuiwing in die statistiese teenhangers van veranderings in "netto ander bates en laste" na veranderings in die bruto en netto eise teen die regeringsektor veroorsaak het, sonder om die totale verandering in M3 te beïnvloed. Indien hierdie effekte uitgifte nie in aanmerking geneem word nie, het die monetêre sektor se netto eise teen die regeringsektor in die eerste helfte van 1994 steeds met R7,3 miljard gestyg.

Ondanks die betreklike groot marges tussen die banke se deposito- en uitleenkoerse wat gewoonlik vir disintermediatiepraktyle bevorderlik is, het die *inkome-omloopsnelheid van M3* in die eerste helfte van 1994 met ongeveer 2 persent afgeneem. Dit is waarskynlik ook 'n aanduiding van die hoër likwiditeitsvoorkleur van die private sektor gedurende hierdie tydperk.

#### Kredietverlening


Die groei in die *totale binnelandse kredietverlening* het gedurende die eerste helfte van 1994 beduidend versnel vanweë 'n skerp toename in die monetêre sektor se kredietverlening aan die private sektor sowel as 'n

aansienlike toename in monetêre instellings se netto eise teen die regering. Die groeikoers oor twaalf maande in totale binnelandse kredietverlening het van 9,6 persent in Desember 1993 tot 18,7 persent in Maart 1994 en selfs verder tot 22,7 persent in Junie gestyg. In teenstelling met die toename in die geldvoorraad, is die koers van toename in die totale kredietverlening in die eerste helfte van 1994 deur hierdie spesiale uitgifte van staatseffekte aan die Reserwebank beïnvloed. Indien die verandering in hierdie effektebesit (wat nie nuwe kredietverlening was nie, maar 'n blote hergroepering van bestaande bates van die monetêre sektor) nie in aanmerking geneem word nie, het die groeikoers in totale kredietverlening oor twaalf maande tot Junie 1994 steeds op die hoëvlak van 19,2 persent te staan gekom.

Die koers van toename oor twaalf maande in die monetêre sektor se kredietverlening aan die *private sektor* het van 9,7 persent in Desember 1993 tot 13,4 persent in April 1994 gestyg, voordat dit in Junie effens teruggesak het tot 13,2 persent. In reële terme (dit wil sê aangepas met die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks), het die groeikoers in kredietverlening aan die private sektor aanvanklik in Januarie en Februarie 1994 negatief gebly; dit het daarna in Maart positief geword en tot 5,4 persent in Junie 1994 gestyg.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* (sien tabel 8) toon dat die toename van R10,9 miljard in kredietverlening aan die private sektor gedurende die eerste helfte van 1994 hoofsaaklik aan stygings van R7,2 miljard in verbandvoorskotte en R2,4 miljard in die finansiering van afbetalingsverkoopkrediet toegeskryf kan word. Hierdie twee soorte kredietverlening was gedurende die eerste ses maande van 1994 vir bykans 88 persent van die toename in kredietverlening aan die private sektor verantwoordelik. Bruikhuurfinansiering en sogenaamde "ander lenings en voorskotte" het kleiner bydrae tot die totale toename in kredietverlening aan die private sektor gemaak; die monetêre sektor se besit aan beleggings en wissels wat verdiskonter is, het in hierdie tydperk trouens afgeneem.

## Kredietverlening aan die private sektor



Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het gedurende die eerste helfte van 1994 effens afgeneem van 17,7 persent in Desember 1993 tot 16,8 persent in Junie 1994. Banke se aktiewe bevordering van hierdie kredietfasilitet vanweë die lae kapitaalvereistes wat daarop van toepassing is, het egter die toename in absolute terme op 'n hoëvlak gehou. In teenstelling met hierdie ontwikkeling, het die groeikoers oor twaalf maande in krediet wat op afbetalingsverkoope verskaf is van 'n reeds hoë koers van 18,0 persent in Desember 1993 tot 23,9 persent in Maart 1994 en tot 23,5 persent in Junie gestyg. Stygende verkoope van nuwe motors, voertuigfinansieringskemas van banke teen 'n "spesiale koers" en 'n wesenlike toename in die gebruik van hierdie soort krediet vir die aankoop van tweedehandse passasiersmotors was hoofsaaklik vir die hoë koerse van toename in die finansiering van afbetalingsverkoope deur banke verantwoordelik.

Die groeikoers oor twaalf maande in "ander lenings en voorskotte" (insluitende oortrokke rekeninge) en in bruikhuurfinansiering het per saldo ook gedurende die eerste ses maande van 1994 toegeneem, maar teen matiger koerse. Hierdie groeikoerse in "ander lenings en voorskotte" en in bruikhuurfinansiering het onderskeidelik van 8,4 persent en 6,8 persent in Desember 1993 tot 12,3 persent en 8,4 persent in Junie 1994 toegeneem.

### Rentekoerse

Die verlies aan buitelandse reserves aan die begin van 1994, vrese dat die owerheidsinansies onbeheerbaar kon word en die private sektor verdring, netto verkoope van binnelandse leningseffekte deur nie-inwoners, hoë inflasieverwagtinge, opwaartse aanpassings in effektekoste in die res van die wêreld en relatiewe stram geldmarktoestande, het vanaf die begin van 1994 'n skerp omkeer in rentekoersbewegings meegebring. Nadat rentekoerse gedurende 1992 en 1993 betreklik stelselmatig afgeneem het, het dit vanaf Februarie 1994 skerp opwaarts beweeg sonder dat enige veranderings in

Tabel 8. Kredietverlening aan die private sektor

	Beleggings- en wissels verdiskonter	Afbetalings-verkoop-krediet	Bruikhuur-finansiering	Verband-voorskotte	Ander lenings en voorskotte	Totaal
Bedrag uitstaande soos op 31 Des. 1993 (R miljard) ....	14,6	23,1	15,5	97,0	79,6	229,8
30 Junie 1994 (R miljard) ..	13,9	25,5	15,7	104,2	81,3	240,7
Verandering van Des 1993 tot Junie 1994 (R miljard) .....	-0,7	2,4	0,2	7,2	1,7	10,9
Persentasie-aandeel van die toename in totale krediet- verlening van Des 1993 tot Junie 1994 .....	-6,0	22,4	2,3	65,7	15,6	100,0

die Bankkoers aangekondig is. In die besonder het langertermynkoerse in die eerste agt maande met ongeveer 3 persentasiepunte toegeneem; kortertermynkoerse het in die algemeen 'n heelwat matiger toename van slegs ongeveer 1 persentasiepunt getoon, wat tot 'n aansienlik steiler opbrengskoerskromme gelei het.

Die maandelikse gemiddelde *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte*, wat van 15,0 persent in April 1993 tot 12,1 persent in Januarie 1994 gedaal het, het daarna in Augustus 1994 weer tot 15,6 persent toegeneem. Hierdie toename, tesame met 'n laer inflasiekoers, het meegebring dat die maandelikse gemiddelde reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte van 2,0 persent in Januarie 1994 tot 6,1 persent in Julie 1994 toegeneem het.

*Geldmarkrentekoerse* het aanvanklik ook gedurende die tydperk van Februarie 1994 tot Mei aansienlik verstewig, maar in die daaropvolgende drie maande weer versag namate toenames in die netto buitelandse bates van die Reserwebank die stram geldmarktoestande verlig het. Hierdie algemene verloop van geldmarkrentekoerse word duidelik in die koers op *Interbankdaggaagd* weerspieël wat van 9,50 persent aan die einde van Februarie 1994 tot 11,00 persent aan die einde van Mei toegeneem het; dit het daarna weer tot 9,75 persent aan die einde van Augustus 1994 afgeneem. Die ander geldmarkrentekoerse het min of meer op dieselfde wyse gereageer. Die tenderkoers op *skatkiswissels van drie maande* het byvoorbeeld in die eerste drie maande van 1994 op 'n vlak van ongeveer 10,17 persent gebly voordat dit aan die einde van Mei tot 11,00 persent


toegeneem het; dit het daarna weer tot 10,75 persent aan die einde van Augustus 1994 gedaal.

Die banke se *primakoers op oortrekkings* het gedurende die eerste agt maande van 1994 onveranderd op 15,25 persent gebly. As gevolg van die laer inflasiekoers, het die inflasie-aangepaste of reële primakoers op oortrekkings van banke van 5,2 persent in Desember 1993 tot 6,5 persent in Julie 1994 gestyg. Hoewel die primakoers op oortrekkings van banke nie verander is nie, is hul oorheersende koers op *vaste deposito's van twaalf maande* (wat as 'n aanduiding van die verloop van depositokoerse oor die algemeen beskou word) in Februarie 1994 met 'n halwe persentasiepunt tot 10,5 persent verlaag. Dit het uiteraard meegebring dat die marge tussen die primakoers op oortrekkings en die depositokoers oor twaalf maande in Februarie 1994 van 4,25 persent tot 4,75 persent vergroot het. Die depositokoers oor twaalf maande het in Julie 1994 aan deposante 'n positiewe voorbelaste reële opbrengskoers van 2,1 persent gelewer.


### Geldmark

*Geldmarktoestande* het gedurende die eerste ses maande van 1994 betreklik stram gebly, maar in die daaropvolgende twee maande ietwat verruim. Dit word duidelik in die bedrag aan *akkommodasie op maandeindes* weerspieël, wat gedurende hierdie tydperk aansienlik gewissel het, maar per saldo van R5,8 miljard aan die einde van Desember 1993 tot R6,5 miljard aan die einde van Junie 1994 toegeneem het; dit het daarna slegs matig tot R5,2 miljard aan die einde van Julie 1994

### Rente- en opbrengskoerse



### Akkommodasie by die diskontovenster



en meer aansienlik tot R3,3 miljard aan die einde van Augustus afgeneem.

Die hoë maar wisselende geldmarktekort gedurende die eerste ses maande van 1994 was hoofsaaklik die gevolg van die onbestendige netto buitelandse batebesit van die Reserwebank. Die netto buitelandse bates van die Reserwebank (soos aangepas om die invloed op die geldmark te weerspieël) het aanvanklik met R2,1 miljard in Januarie 1994 toegeneem, met R3,4 miljard in die daaropvolgende drie maande afgeneem en weer met R1,0 miljard in Mei en Junie 1994 toegeneem. Hierdie veranderings is deur die hoeveelheid note en munte in omloop buite die Reserwebank gesteun, wat met 'n buitengewone groot bedrag van R2,0 miljard in Maart en April 1994 (die maande voor en gedurende die verkiesing) toegeneem het en weer met R0,6 miljard in die daaropvolgende twee maande afgeneem het. Die vernouende uitwerking van die twee faktore is gedurende hierdie tydperk in 'n mate deur 'n afname in regeringsdeposito's by die Reserwebank teengewerp.

Die verruiming in geldmarktoestande in Julie en Augustus 1994 was hoofsaaklik die gevolg van 'n wesenlike toename van R3,0 miljard in die Reserwebank se netto buitelandse bates. Die finansiering van die landbou-oes in die somerreënvalgebiede deur die Land- en Landboubank het ook tot hierdie ruimer toestande bygedra aangesien 'n bedrag van R0,8 miljard gedurende hierdie tydperk deur die Landbank van die Korporasie vir Openbare Deposito's verkry is.

Reserwebankoptredes in die geldmark was oor die algemeen neutraal, wat die geldmarktekort in staat gestel het om die onderliggende vraag- en aanbodtoestande te weerspieël. Deur die mark toe te laat om stram te bly, het die Reserwebank die kapitaaluitvloeiing uit die land ontmoedig omdat dit vir private banke moeiliker gemaak is om van buitelandse na binnelandse handelsfinansiering vir handelstransaksies om te skakel. Die Bank se optrede het hoofsaaklik uit die bestuur van regeringsdeposito's tussen die Skatkisrekening by die Reserwebank en die Belasting- en Leningsrekeninge by private banke bestaan, veral vanaf die begin van die nuwe fiskale jaar in April. Die Bank het ook die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's aangepas wat in die eerste helfte van 1994 'n netto vernouende uitwerking van R2,0 miljard op geldmarktoestande gehad het. Hierdie vernouing is gedeeltelik teengewerp deur 'n toename van R0,3 miljard in die Reserwebank se eie portefeuille van finansiële bates vir opemarktransaksies. Die Bank se totale besit aan staatseffekte, soos dit op sy balansstaat aangeteken word, het egter 'n aansienlik groter toename as gevolg van die reeds vermelde spesiale staatseffekte-uitgifte getoon.


Gedurende Julie en Augustus 1994 het die portefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's met R1,8 miljard toegeneem, maar die geldmarktekort het aanvanklik met 'n aansienlik kleiner bedrag gedaal aangesien 'n groot deel van die opbrengs wat deur die

Openbare Beleggingskommissaris ontvang is by die monetêre owerheid op deposito geplaas is. Gedurende hierdie tydperk het regeringsdeposito's by die Reserwebank ook per saldo met R1,8 miljard afgeneem as gevolg van die vraag na fondse deur die regering. Dit het uiteraard tot 'n verruiming in geldmarktoestande aanleiding gegee.

### Effektemark

In die primêre effektemark het die netto nuwe lenings deur die openbare sektor vanaf die private sektor deur uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite in die eerste helfte van 1994 R4,4 miljard bedra; in die eerste helfte van 1993 is nie minder nie as R19,4 miljard van die regeringseffekte deur private organisasies en individue opgeneem. Hierdie beduidende afname in die netto lenings van die openbare sektor vanaf die private sektor was hoofsaaklik die gevolg van netto aankope van staatseffekte deur instellings in die openbare sektor. Indien die netto aankope van R14,3 miljard van hierdie instellings in ag geneem word (insluitende netto aankope van R12,3 miljard deur die Openbare Beleggingskommissaris, maar uitgesluit die spesiale uitgifte van staatseffekte aan die Reserwebank), het die netto uitgifte van die openbare sektor aan die mark in die geheel in die eerste helfte van 1994 op R18,7 miljard en in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 op R9,7 miljard te staan gekom. 'n Wesenlike deel van die regering se leningsbehoefte is gevoldig reeds in die eerste drie maande van die fiskale jaar deur effekte-uitgifte bevredig.

### Effektebeurstransaksies



Bedrywigheid in die sekondêre effektemark het ook in die eerste helfte van 1994 baie lewendig gebly en die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het van R229 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot 'n nuwe rekordvlak van R254 miljard in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem; dit het daarna effens tot R250 miljard in die tweede kwartaal teruggesak. Hierdie effens laer omset in die tweede kwartaal van 1994 het moontlik verband gehou met spesiale omstandighede, soos 'n kleiner aantal handelsdae. Die verstewiging van die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het egter moontlik ook die omvang van handel in hierdie kwartaal bevorder. In Julie en Augustus 1994 het die maandelikse gemiddelde omset R90 miljard bedra, wat effens hoër was as die maandelikse gemiddelde waarde van R83 miljard in die tweede kwartaal van die jaar.

Nie-inwoners het ook gedurende die eerste agt maande van 1994 aktiewe deelnemers in die sekondêre effektemark gebly. Nie-inwoners was van Februarie tot April 1994 netto verkopers van effekte van die openbare sektor maar hul netto aankope in die daaropvolgende tydperk het hierdie verkope oorskry. In die eerste agt maande van 1994 was nie-inwoners gevoldiglik netto aankopers van effekte van die openbare sektor ten bedrae van R0,3 miljard.

Die Reserwebank het ook 'n aktiewe deelnemer in die effektemark gebly in ooreenstemming met sy doelwit om 'n aktiewe sekondêre mark in staatseffekte te vestig. Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste agt maande van 1994 R113 miljard

bedra; hierdie verkope was effens laer as die vlak van R118 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank gedurende die eerste agt maande van 1994 het R13,3 miljard beloop; in die ooreenstemmende tydperk van 1993 het sodanige verkope R11,1 miljard bedra. Die Reserwebank se handel in opsies op staatseffekte het in die eerste agt maande van 1994 toegeneem van 'n maandelikse gemiddelde van R5,3 miljard in 1993 tot 'n maandelikse gemiddelde van R7,6 miljard in die eerste agt maande van 1994.

#### Aandelemark


In die primêre aandelemark het faktore soos hoë en stygende aandelepryse, 'n tekort aan waardepapier en die verstewiging van langtermynrentekoerse, aandelekapitaaluitgiftes in die eerste helfte van 1994 begunstig. Die vraag na nuwe fondse het egter laag gebly. Die waarde van regte-uitgiftes van gewone aandele van genoteerde maatskappye op die effektebeurs het derhalwe van R2,9 miljard in die laaste helfte van 1993 tot R1,6 miljard in die eerste helfte van 1994 afgeneem. Dividende in die vorm van waardepapier en uitgiftes van bonusaandele het daarenteen in die eerste helfte van 1994 aansienlik gestyg, onder andere aangespoor deur die sekondêre belasting op die verdeelbare winste van maatskappye.

In die sekondêre aandelemark het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, bykans verdubbel van 'n maandelikse gemiddelde van R3,6 miljard in 1993 tot R6,2 miljard in die eerste agt maande van 1994. Verhoogde optimisme, verwant aan die aansienlik verbeterde winsgewendheid van maatskappye, grootskaalse aankope en verkope deur nie-inwoners en 'n groter vraag na aandele deur institutionele beleggers, het belangrike bydraes tot hierdie hoë omsette gemaak. Vergelyk met die effektebeurse van die meeste nywerheidslande, is die likwiditeit op die Johannesburgse Effektebeurs egter steeds laag.

In teenstelling met die afnames in die aandelepryse van die meeste van die wêreld se leidende effektebeurse sedert die begin van 1994, het die gemiddelde prysindeks van alle klasse van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs bly styg. Slegs die prys van goudmynaandele het aanvanklik gedaal, maar selfs hierdie prys het in Julie herstel en in Augustus 1994 'n sewejaar-hoogtepunt bereik. Die gemiddelde prys van alle klasse van aandele het trouens in Augustus 1994 'n nuwe rekordhoogtepunt behaal; die gemiddelde prysvlak was daarna nie minder as 90 persent hoër as die onderste draapunt in Oktober 1992 nie.

As 'n spieëlbeeld van die toename in aandelepryse, het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse van aandele skerp gedaal van 2,53 persent in Desember 1993 tot 2,14 in Augustus 1994. Die gemiddelde verdiensteopbrengskoers op alle klasse van aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het ook oor dieselfde tydperk van 5,95 persent tot 5,04 persent afgeneem.

**Nie-inwoners se netto transaksies op die effektebeurs**



Die opheffing van sanksies teen Suid-Afrika, die skerp herstel in aandelepryse, die swak finansiële rand en die hoër goudprys, het 'n groter deelname van nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs tot gevolg gehad. Totale aankope van aandele deur nie-inwoners as 'n persentasie van totale omset het van 22 persent in 1992 tot 29 persent in die eerste agt maande van 1994 toegeneem. In 1994 het die netto transaksies van nie-inwoners wyd gefluktueer. Nadat nie-inwoners in die eerste kwartaal van 1994 netto aankopers van aandele ten bedrae van R2,1 miljard was, het hulle in die tweede kwartaal van 1994 netto verkopers ten bedrae van R1,2 miljard geword; in Julie en Augustus 1994 was hulle netto verkopers ten bedrae van R0,5 miljard.

#### Ander finansiële markte


**Aandeletermynkontrakte** het voortgegaan om die formele mark vir afgeleide instrumente in die eerste helfte van 1994 te oorheers. Transaksievlekke is verhoog deur die lewendige plaaslike aandelemark, onsekerheid oor politieke ontwikkelings en 'n hoë vlak van deelname deur nie-inwoners. Hierdie faktore was verantwoordelik vir 'n rekord hoë omset van 1,2 miljoen aandeletermynkontrakte in die eerste kwartaal van 1994, wat ietwat teruggesak het tot 0,9 miljoen kontrakte in die tweede kwartaal. Kontrakte wat op onderliggende instrumente, soos rentekoerskontrakte gebaseer is, het op betreklik lae vlakke gebly.

In die eerste helfte van 1994 het die verhandeling in die aantal opsies op aandeletermynkontrakte 1,7 miljoen bereik, wat bykans drie keer die verhandeling van 0,6

miljoen kontrakte in die eerste helfte van 1993 was. Die aansienlike groei in oop-posisies in termyn- en opsiekontrakte op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs het daarop gedui dat die formele termynmark toenemend in die verskansingsbehoeftes van die finansiële gemeenskap voorsien het. Aan die einde van Augustus 1994 was die oop-posisie in aandeletermynkontrakte en in opsies op aandeletermynkontrakte onderskeidelik 86 315 en 446 393 kontrakte. Gegrond op die merk-tot-mark prys van aandeletermynkontrakte en opsies soos met afsluiting van sake op 31 Augustus 1994, het die totale oop posisie R5,9 miljard beloop.

Soos reeds aangedui is, het die financiering van die **verbandmark** in die eerste helfte van 1994 op hoë vlakke gebly, ten spye van die besluit deur banke om nie meer verbandregistrasiekoste en die waardasiefooie te dra nie en om verbandbelading (waar die genoemde koopprys van 'n huis die werkelik betaalde prys oorskry) te beperk. Die mate van onsekerheid in die eiendomsmark voor en na die verkiesing in April 1994 en die onveranderde oorheersende verbandkoers van 15,25 persent, het nie verhoed dat die waarde van **vaste-eiendomtransaksies** in die eerste ses maande van 1994 tot 19,9 persent bokant die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar toegeneem het nie. Hierdie toename kan toegeskryf word aan 'n styging in die aantal sowel as die gemiddelde prys van sulke transaksies oor dieselfde tydperk.

#### Transaksies in vaste eiendom



## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en nie-finansiële openbare ondernemings) het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 (die tweede kwartaal van die kalenderjaar 1994) R9,6 miljard bedra, vergeleke met R8,0 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94. Hoewel 'n betreklike groot leningsbehoefte in die eerste kwartaal van 'n fiskale jaar 'n seisoenale eienskap van die finansies van die openbare sektor is, was die tekort van 9,3 persent van die bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 baie groter as die gemiddelde verhouding van 8,3 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande twee fiskale jare.

Die groot leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 kon hoofsaaklik aan 'n skerp toename in die besteding van die algemene owerheid (dit wil sê die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings en die plaaslike owerhede) toegeskryf word; die leningsbehoefte van die nie-finansiële openbare korporasies het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 slegs R0,3 miljard bedra. Hoewel die koers van toename van jaar tot jaar in die totale besteding van die algemene owerheid van 17,9 persent slegs effens hoër was as die koers van 16,8 persent in die ooreenstemmende kwartaal van die

voorafgaande jaar, is hierdie toename in die besteding in 'n ekonomiese met 'n betekenisvol laer inflasiekous aangeteken. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die totale besteding en netto lenings van die algemene owerheid van 34,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 36,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 toege neem. 'n Deel van hierdie vinnige toename in besteding was die gevolg van 'n merkbare toename in kapitaalbesteding; in verhouding tot die totale besteding van die algemene owerheid het die kapitaalbesteding egter steeds slegs 8,5 persent bedra. Besteding aan goedere en dienste (arbeidsvergoeding uitgesluit) het die grootste bydrae tot hierdie skerp stijging in die besteding van die algemene owerheid gemaak.

Die totale *inkomste van die algemene owerheid* as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het ook skerp toegeneem van 26,2 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 27,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95. Hierdie uitkoms was die gevolg van 'n toename in die verhouding van belastinginkomste as persentasie van die bruto binnelandse produk, terwyl die verhouding van die niebelastinginkomste effens afgeneem het.


In vergelyking met die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94, het die finansiële posisie van al die *vlakte van die algemene owerheid*, met die opmerklike uitsondering van die plaaslike owerhede en die provinsiale regerings, in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 verswak. Teen R0,7 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 was die leningsbehoefte van die plaaslike owerhede ietwat laer as die R0,8 miljard in die ooreenstemmende kwartaal van die fiskale jaar 1993/94. Die oorskot van die provinsiale regerings (die voormalige TBVC-lande en selfregerende state ingesluit) het van R0,9 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot R2,0 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 gestyg, terwyl die klein oorskot van die buitebegrotingsinstellings van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot R0,3 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 gedaal het.

In die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 het die leningsbehoefte van die *Hoofbegroting* R10,8 miljard bedra; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar was dit aansienlik minder teen R8,4 miljard. Hierdie groter leningsbehoefte van die Hoofbegroting het ontstaan na 'n skerp toename in besteding wat hoofsaaklik verwant was aan die oorgangsproses na 'n nuwe politieke bestel wat nie ten volle deur die hoër-as verwagte toename in inkomste geneutraliseer is nie.



### Skatkisrekening

Skatkisuitrekkings aan die departemente van die nasionale regering (aangepas om kontantvloei te weerspieël) was in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 21,5 persent hoër as in die eerste kwartaal van die voorafgaande jaar. Hierdie koers van toename was ver

Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk




## Skatkisrekening




bo die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 16,9 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare en ook aansienlik hoër as die 10,2 persent waarvoor in die Begroting vir die fiskale jaar 1994/95 in die geheel voorsiening gemaak is. Indien die skatkisuitreikings vir Julie 1994 ook in berekening gebring word, was die koers van toename van jaar tot jaar vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 merkbaar laer teen 16,9 persent, maar steeds kommerwekkend hoog in vergelyking met die verwagte groei in die nominale bruto binnelandse produk oor dieselfde tydperk. Die uitreikings in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 sluit egter nie enige uitgawes op die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram in nie, wat eers later in die jaar sal begin.

Die vlak van skatkisontvangste het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 R34,0 miljard bedra, of 23,5 persent meer as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1993/94. 'n Groot deel van hierdie toename was egter die gevolg van inkomste wat nie in die voorafgaande jaar bestee is nie en wat na die huidige fiskale jaar oorgedra is. Indien hierdie sogenaamde terugstortings uitgesluit word, sou die koers van toename van jaar tot jaar in overheidsontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 20,4 persent beloop het. Dit was nietemin steeds merkbaar

## Brandstofheffing



## Doeane- en ander aksynsregte



hoër as die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 15,9 persent in die voorafgaande vyf jaar en aansienlik groter as die begrote toename van 12,9 persent vir die fiskale jaar 1994/95 in die geheel.

Soos in tabel 9 aangetoon word, was die hoër-asverwagte toename in skatkisontvangste gedurende die

**Tabel 9. Persentasietoename in skatkisontvangstes**

	Begrote toename vir die fiskale jaar 1994/95	Werklike toename in April-Jule 1994
Skatkisontvangste (uitgesonderd terugstortings).....	12,9	20,4
Doeane- en aksynsregte .....	2,6	17,0
Binnelandse inkomste .....	14,8	21,0
Inkomstebelasting .....	16,5	22,9
Belasting op toegevoegde waarde.....	15,3	13,0

eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 in bykans al die hoofkategorieë van owerheidsontvangste waarneembaar. Die koers van toename in doeane- en aksynsregte was veral betekenisvol hoér as wat vir die volle fiskale jaar begroot is. Hierdie hoér doeane- en aksynsontvangste is behaal ondanks 'n werklike afname in die ontvangste van die brandstofheffing en het hoofsaaklik verband gehou met 'n aansienlike toename in die goedere-invoer; die ontvangste van doeane en aksyns sluit nog steeds die inkomste uit die bo-belasting op intermediére en kapitaalgoedere in, wat eers teen die einde van Junie 1994 opgehef is. Inkomstebelasting-ontvangste het ook besonder goed presteer en kan gedurende die oorblywende agt maande van die fiskale jaar 1994/95 'n verdere verbetering toon namate die invorderings van die oorgangsheffing ten volle in werking kom. Die koers van toename in belasting op toegevoegde waarde was egter laer as die begrote stygging vir die fiskale jaar in die geheel en weerspieël waarskynlik 'n laer-as-geraamde totale vraag in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95.

Die netto resultaat van die transaksies op die skatkisrekening was 'n tekort voor lenings en skuldaflassing van R9,2 miljard in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95. Hierdie tekort is gelyk aan 31,3 persent van die begrotingstekort van R29,3 miljard vir die jaar in die geheel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort voor lenings en skuldaflassing in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 10,5 persent beloop.

Nuwe langtermynstaatseffekte het die primêre skuld-finansieringsinstrument gebly. In die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 het die uitreiking van die nuwe staatseffekte R9,3 miljard, of 32,5 persent van die verwagte leningsbehoefte vir die fiskale jaar in die geheel bedra. Hierdie verhouding van netto uitreikings van langtermynstaatseffekte tot die regering se leningsbehoefte was aansienlik kleiner as die gemiddelde verhouding van 53,8 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare. In die verlede het die staat so gou as moontlik

'n groot deel van sy totale finansieringsbehoefte befonds. Dit het gewoonlik aanleiding gegee tot oormatige leenbedrywigheid aan die begin van die fiskale jaar en 'n skerp toename in regeringsdeposito's. In die huidige fiskale jaar word hierdie prosedure nie toegepas nie.

As gevolg van 'n sterk vraag na waardepapier aan die korter kant van die termynspektrum, het die regering in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 ook aansienlik gebruik gemaak van die uitgifte van skatkiswissels om sy finansiële behoeftes na te kom. Die netto uitgifte van hierdie waardepapier aan die mark, waarop rentekoerse ook aansienlik laer was as op langtermyn-effekte, het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 nie minder nie as R2,1 miljard beloop. Soos verwag kon word, is 'n groot deel van hierdie waardepapier deur private monetêre instellings opgeneem. Die skatkistekort voor lenings en skuldaflassing is desnieteenstaande grotendeels gefinansier met fondse wat van die nie-monetêre sektor verkry is. Private versekerings en pensioenfondse het egter in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 net R11 miljoen van die netto uitgifte van staatseffekte opgeneem, vergeleke met 'n gemiddelde van R3 942 miljoen in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare.

Die totale staatskuld het van R192,2 miljard aan die einde van Maart 1994 tot R222,7 miljard aan die einde van Julie 1994 toegeneem. 'n Beduidende deel van hierdie toename (R15,3 miljard) kon toegeskryf word aan die insluiting van die skuld van die voormalige TBVC-lande en selfregerende gebiede, wat na die Suid-Afrikaanse nasionale regering oorgeplaas is. Sommige van hierdie lenings kan egter na die streeksowerhede oorgeplaas word as die skuld versoen kan word met bates wat in 'n bepaalde gebied geskep is.

**Tabel 10. Finansiering van die skatkistekort in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 volgens tipe lener**

Tipe lener	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse.....	5 658
Nie-monetêre private sektor .....	4 772
Buitelandse sektor.....	-141
Monetêre instellings.....	3 122
Monetêre owerheid .....	1 639
Ander monetêre instellings .....	1 483
Totale bruto finansiering .....	13 411
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte .....	4 257
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>9 154</b>

# Notas oor die hersiening van die saamgestelde konjunktuuraanwysers

deur B.E. van der Walt en W.S. Pretorius

## 1. Inleiding

Saamgestelde konjunktuuraanwysers word bereken om veranderings en draaipunte van die konjunktuurverloop van die ekonomie te weerspieël. Sulke aanwysers bestaan gewoonlik slegs uit 'n klein aantal uitgesoekte ekonomiese tydreekse. Hierdie tydreekse verteenwoordig die hele spektrum van ekonomiese bedrywigheid en word in drie groepe verdeel, naamlik dié wat die algemene konjunktuurverloop voorafgaan, dié wat saamval met die konjunktursiklus en dié wat die konjunktuurverloop sloer. Vanweë veranderings in die omvang en die struktuur van die ekonomie is dit noodsaaklik dat die tydreekse wat in die saamgestelde konjunktuuraanwysers ingesluit word, gereeld ondersoek moet word.

Die doel met hierdie notas is ten eerste om die indekse wat in die saamgestelde konjunktuuraanwysers ingesluit is met behulp van bepaalde waardebepalingsmaatstawwe krities te beoordeel en aan te dui watter van hierdie aanwysers wat belangrike tekortkominge het met ander geskikte ekonomiese aanwysers vervang is. Ten tweede word 'n hersiene lys leidende, samevallende

en sloerende konjunktuuraanwysers voorsien. Ten slotte word die resultate wat met die nuwe saamgestelde aanwysers verkry is oor tyd vergelyk met dié van die vorige saamgestelde konjunktuuraanwysers.<sup>1</sup>

## 2. Samestelling van vorige konjunktuuraanwysers

Die ekonomiese aanwysers wat by die vorige saamgestelde leidende, samevallende en sloerende konjunktuuraanwysers ingesluit was, is reeds sedert 1980 vir konjunktuurontledings gebruik.<sup>2</sup> In tabel 1 word 'n uiteensetting gegee van die tydreekse wat by die saamgestelde konjunktuuraanwysers ingesluit is.

<sup>1</sup> Die tydreekse van die nuwe saamgestelde konjunktuuraanwysers is in die Bylaag tot hierdie *Kwartaalblad* opgesom.

<sup>2</sup> Van der Walt, B.E.: "Aanwysers van konjunktuurveranderings in Suid-Afrika", Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Maart 1983.

Tabel 1. Vorige ekonomiese aanwysers

### Leidende konjunktuuraanwysers

Totale werkverskaffing in die mynboubedryf	konstruksiebedryf
Benutting van produksievermoë in die fabriekswese: duursame goedere	Geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs Bruto binnelandse produk teen konstante pryse buite die landbou
Fisiese omvang van gouderts gemaal	Fisiese omvang van duursame fabrieksproduksie
Fisiese omvang van mynbouproduksie uitgesonder goud	Fisiese omvang van nie-duursame fabrieksproduksie
Fisiese omvang van staaluitvoer	Benutting van produksiekapasiteit in die fabriekswese
Aantal nuwe motors verkoop	Waarde van kleinhandelsverkope teen konstante pryse
Waarde van goedere-uitvoer teen konstante pryse uitgesonder goud	Waarde van groothandels-, kleinhandels- en motorverkope teen konstante pryse
Waarde van bouplanne goedgekeur teen konstante pryse: woongeboue	Waarde van invoer teen konstante pryse uitgesonder mineraalprodukte
Netto aantal nuwe maatskappye geregistreer	Waarde van totale bouplanne goedgekeur
Waarde van transaksies in vaste eiendom	Aantal verbande geregistreer
Verhouding van voorrade tot verkope in die fabriekswese	
Pryse van nywerheids- en handelsaandele	
Pryse van alle klasse van aandele	
Dividendopbrengskoers op nywerheidsaandele	
Londense goudprys in rand	
Maatskappywins na belasting	
Verhouding van eindprodukpryse tot arbeidseenheidskoste in die fabriekswese	
M1-geldhoeveelheid: persentasieverandering oor twaalf maande	
Netto goud- en ander buitelandse reserves	
Waarde van nuwe verbandlenings en hervoorskotte toegestaan vir die oprigting van geboue deur bouverenigings Skatkiswisseltenderkoers	

### Samevallende konjunktuuraanwysers

Werkverskaffing in die fabriekswese, mynbou- en
---

### Sloerende konjunktuuraanwysers

Werkverskaffing in die nie-landbousektore
Aantal indiensnemings per 100 produksiewerkers in die fabriekswese
Totale aantal ure gewerk deur produksiewerkers in die konstruksiebedryf
Fisiese omvang van mynbouproduksie van boumateriaal
Waarde van groothandelsverkope van metale, masjinerie en toerusting teen konstante pryse
Aantal nuwe handelsvoertuie verkoop
Waarde van onvoltooide bestellings as persentasie van verkope in die fabriekswese
Waarde van vaste investering in masjinerie en toerusting
Waarde van woongeboue voltooi
Waarde van alle geboue voltooi
Arbeidseenheidskoste in die fabrieksproduksie

### 3. Die vasstelling en evaluering van die konjunktuur-aanwysers

Dit het reeds in die tagtigerjare duidelik geword dat die gevestigde gedragspatrone van sekere ekonomiese veranderlikes versteur is wat in die saamgestelde konjunktuur-aanwysers ingesluit is. Daarbenewens het institusionele en beleidsveranderinge die vergelykbaarheid of kontinuiteit van 'n aantal ekonomiese aanwysers<sup>3</sup> ernstig verswak.

In die werk van toonaangewende navorsingsinstellings<sup>4</sup> is 'n aantal nuwe ekonomiese aanwysers vasgestel wat voldoen aan die kriteria wat vir konjunktuurgevoelige gegewens neergelê is. Gevolglik is die vorige en enkele nuwe uitgesoekte konjunktuur-aanwysers aan 'n omvattende waardebeoordeling onderwerp om die gevoeligheid en bestendigheid van die tydsverwantskap met die konjunktuur te beoordeel. Die oogmerk met hierdie beoordelings was om die geldigheid van al drie die saamgestelde aanwysers sedert 1979 te bepaal.

'n Objektiewe waardebepalingstelsel is ontwerp om die mate van subjektiewe diskresie by die keuse van individuele konjunktuur-aanwysers te verminder. Die belangrikste maatstawwe wat in die waardebepalingstelsel gebruik word, is die ekonomiese betekenis van die bedrywigheid of proses wat deur die aanwyser voorgestel word, die statistiese toereikendheid van die data, die historiese ooreenkoms en tydsverband met die konjunktuur, die egaliteit van die tydreeks en die tydige beskikbaarheid van die gegewens.

Ondanks die invloed van verskeie eksogene faktore op ekonomiese gedrag gedurende die tagtigerjare, het die resultate van die waardebepaling van die meeste van die vorige konjunktuur-aanwysers genoegsame statistiese toereikendheid en konjunktuurgevoeligheid getoon. Die wisselvalligheid of verandering in die tydsverband met die algemene konjunktuursiklus van sommige konjunktuur-aanwysers wat vroeër by die saamgestelde konjunktuur-aanwysers ingesluit was, het egter veroorsaak dat hulle uit die herberekende saamgestelde aanwysers weggelaat is.

In 'n poging om die konjunktuur-aanwysers so akkuraat as moontlik saam te stel, is 'n groot aantal ekonomiese tydreeks opnuut ontleed en beoordeel. Dié reekse, wat as betroubare konjunktuur-aanwysers uitgewys is, is om een van twee redes by die saamgestelde konjunktuur-aanwysers ingesluit. Eerstens het dit 'n bestaande komponent van die saamgestelde aanwyser vervang

indien die konjunkturele verloop van die nuwe reeks beter as dié van die vorige reeks was. Tweedens is dit as 'n bykomende tydreeks ingesluit as dit 'n aspek van die makro-ekonomiese bevat wat nie vantevore in die saamgestelde aanwyser opgeneem was nie.

### 4. Resultate van die beoordeling van aanwysers

#### 4.1 Leidende konjunktuur-aanwysers

Verskeie van die tydreeks wat vroeër ingesluit was, is uit die hersiene leidende konjunktuur-aanwyser weggelaat. As gevolg van die onbestendige konjunkturele tydsverband, is vier aanwysers nie verder by hierdie saamgestelde aanwyser ingesluit nie. Hierdie aanwysers is die werkverskaffing in die mynboubedryf, die benutting van die produksievermoë in die nywerhede wat duursame fabrieksgoedere vervaardig en die fisiese omvang van staaluitvoer en goedere-uitvoer (uitsonder goud).

Die prys van nywerheids- en handelsaandele, en die dividendopbrengskoers op nywerheidsaandele is albei uit die leidende aanwyser weggelaat omdat hierdie prysbewegings reeds by die prys van alle klasse van aandele ingesluit is. Terselfdertyd is die waarde van nuwe verbandlenings en hervorskotte wat deur bouverenigings toegestaan is vir die oprigting van geboue nie langer bruikbaar nie weens die onvergelykbaarheid van hierdie reeks oor tyd.

Sommige van die reekse wat voorheen by die saamgestelde indekse ingesluit is, is ook vervang met verwante reekse wat beter gevaaar het wat konjunktuurgevoeligheid betref, naamlik:

- Die reële waarde van die goedere-uitvoer uitgesonter goud is vervang met dieselfde reeks teen heersende prys. Die nuwe reeks sluit egter nie meer die landbou-uitvoer in nie, wat in 'n groot mate beïnvloed is deur eksogene faktore soos sanksies en ongunstige weers-toestande.
- Die waarde van transaksies in vaste eiendom is vervang deur die tydreeks van die aantal van hierdie soort transaksies.
- Die meningsopname van die verhouding van voorraad tot die vraag in die fabriekswese<sup>5</sup> is nou gebruik in plaas van die vorige reeks van die verhouding van voorraad tot die verkope in die fabriekswese.
- Die reeks oor die persentasieverandering oor twaalf maande in die nominale M1-geldhoeveelheid is vervang met dieselfde reeks van M1 maar bereken teen konstante prys.
- Die aantal goedgekeurde bouplanne van woonhuise vervang die waarde van hierdie tydreeks teen konstante prys.

Ses nuwe reekse is ook by die nuwe saamgestelde aanwyser ingesluit, naamlik:

<sup>3</sup> Voorbeeld hiervan is die beëindiging van die voorgeskrewe beleggingsvereistes, die toestaan van verbandlenings deur banke en nie net bouverenigings nie en die uitbreiding van die werkloosheidsregistrasie om ook Swart werkers in te sluit.

<sup>4</sup> Moore, G.H.: *Leading Indicators for the 1990s*, Dow Jones-Irwin, Illinois, 1990. Lahiri, K. en Moore, G.H.: *Leading economic indicators. New approaches and forecasting records*, Cambridge University Press, Cambridge, 1991.

<sup>5</sup> Hierdie basiese inligting word deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch vrygestel.

- Oortydure as 'n persentasie van gewone ure wat in die fabriekswese gewerk is.<sup>4</sup>
- 'n Meningsopname van die sakevertroue in die fabriekswese, konstruksie en die handel.<sup>5</sup>
- 'n Meningsopname van die hoeveelheid bestellings in die fabriekswese.<sup>5</sup>
- 'n Buitelandse konjunktuuranaalwyser wat bestaan uit die nywerheidsproduksie van Suid-Afrika se agt belangrikste handelsvennootlande, geweeg volgens die relatiewe grootte van die bruto binnelandse produk van hierdie lande.
- Die persentasieverandering oor twaalf maande in die indeks van die prys van grondstowwe. Hierdie indeks is saamgestel uit die prys van tien minerale en vier landbouprodukte.
- Verbruikerskrediet teen konstante prys.

#### 4.2 Samevallende konjunktuuranaalwysers

Die onbestendige verloop in hierdie reekse en hul swak tydsverband met die konjunktuur het veroorsaak dat die waarde van kleinhandelsverkope teen konstante prys en die waarde van goedgekeurde bouplanne uit die nuwe saamgestelde samevallende analwyser weggelaat is. Die reekse oor werkloosheid en die aantal verbande wat geregistreer is, is nie meer beskikbaar nie en is daarom

<sup>4</sup> Vir die meeste nywerhede is dit makliker om die lengte van die werksweek aan te pas by veranderde ekonomiese omstandighede as om die aantal werkers te verander. Gevolglik is hierdie reeks 'n meer gevoelige analwyser as die aantal werkers.

ook uitgesluit.

Aangesien die oorblywende tydreeks steeds as baie betroubare en gevoelige aanwysers beskou is, is geen nuwe reekse by die saamgestelde samevallende analwyser gevoeg nie.

#### 4.3 Sloerende konjunktuuranaalwysers

Die jongste gegewens van die aantal indiensnemings per honderd produksiewerkers in die fabriekswese kom met 'n lang tydsvertraging beskikbaar nadat die werklike gebeurtenis plaasgevind het en dit het boonop 'n onbestendige tydsverband met die konjunktuur. Hierdie reeks is daarom uit die nuwe saamgestelde analwyser weggelaat. Die tydsverband van die draaipunte van die waarde van groothandelsverkope van metale, masjinerie en toerusting teen konstante prys en die aantal nuwe handelsvoertuie wat verkoop is, het verander en hulle pas nie langer in by die ander sloerende tydreeks nie.

Die vorige reekse van die waarde van woongeboue sowel as alle geboue wat voltooi is, is vervang met die waarde van nie-woongeboue wat voltooi is, wat 'n baie meer reëlmatige konjunkturbeweging getoon het.

Die waarde van nywerheids- en handelsvoorraad teen konstante prys is 'n nuwe toevoeging tot die saamgestelde sloerende analwyser.

#### 5. Nuwe saamgestelde konjunktuuranaalwysers

Die vorige analwyzers wat behou is nadat dit deeglik teen neergelegde maatstawwe getoets is, is by die nuwe aangewese analwyzers in 'n enkele saamgestelde

Tabel 2. Nuwe ekonomiese analwyzers

##### Leidende konjunktuuranaalwysers

- Oortydure as persentasie van gewone ure gewerk in fabriekswese
- Meningsopname van sakevertroue: fabriekswese, konstruksie en handel
- Fisiese omvang van gouderts gemaal
- Fisiese omvang van mynbouproduksie uitgesonder goud
- Meningsopname van die hoeveelheid bestellings in fabriekswese
- Aantal nuwe motors verkoop
- Buitelandse konjunktuuranaalwyser: nywerheidsproduksie
- Waarde van goedere-uitvoer uitgesonder goud en landbou
- Aantal bouplanne van woonhuise goedgekeur
- Netto aantal nuwe maatskappye geregistreer
- Aantal transaksies in vaste eiendom
- Meningsopname van voorraad tot vraag: fabriekswese en handel
- Pryse van alle klasse van aandele
- Londense goudprys in rand
- Maatskappywins na belasting
- Grondstofpryse: persentasieverandering oor twaalf maande
- Verhouding van eindprodukpryse tot arbeidseenheidskoste in die fabriekswese
- Reële M1-geldhoeveelheid: persentasieverandering oor twaalf maande
- Netto goud- en ander buitelandse reserves
- Verbruikerskrediet teen konstante prys
- Skatkiswisseltenders

##### Samevallende konjunktuuranaalwysers

- Werkverskaffing in die fabriekswese, mynbou- en konstruksiebedryf
- Bruto binnelandse produk teen konstante prys buite die landbou
- Fisiese omvang van duursame fabrieksproduksie
- Fisiese omvang van nie-duursame fabrieksproduksie
- Benutting van produksievermoë in die fabriekswese
- Waarde van groothandels-, kleinhandels- en motorverkope teen konstante prys
- Waarde van invoer teen konstante prys uitgesonder mineraalprodukte

##### Sloerende konjunktuuranaalwysers

- Werkverskaffing in die nie-landbousektore
- Totale aantal ure gewerk deur produksiewerkers in die konstruksiebedryf
- Fisiese omvang van mynbouproduksie van boumateriaal
- Waarde van onvoltooide bestellings as persentasie van verkope in die fabriekswese
- Waarde van vaste investering in masjinerie en toerusting
- Waarde van nie-woongeboue voltooi
- Waarde van nywerheids- en handelsvoorraad teen konstante prys
- Arbeidseenheidskoste in die fabrieksproduksie

aanwyser gevoeg<sup>7</sup>. Die inhoud van die hersiene saamgestelde konjunktuuraanwyzers word in tabel 2 weergegee.

### 5.1 Leidende aanwyser

Die saamgestelde leidende aanwyser bestaan uit 21 afsonderlike aanwyzers: tien van die vorige aanwyzers

<sup>7</sup> Die metode waarvolgens die saamgestelde leidende, samevallende en sloerende aanwyzers saamgestel is, is deur die National Bureau of Economic Research en deur die Bureau of Economic Analysis in die VSA ontwikkel. Hoewel baie gebruikers nog steeds hierdie metode toepas, het kleiner aanpassings en verbeterings met verloop van tyd ontstaan. In hierdie studie is enkele aanpassings aan die oorspronklike metode gemaak, byvoorbeeld in plaas daarvan om 'n drie-maande bewegende gemiddelde te bereken op die veranderings wat van maand tot maand in elke individuele komponent van die saamgestelde aanwyser voorkom, is besluit om die werklike veranderings van maand tot maand te gebruik om die gebruikers in staat te stel om die presiese veranderings in elke maand waar te neem en te verklaar. Dit het die bykomende voordeel dat die reeks vir 'n verdere maand beskikbaar is. Ten einde die onderliggende korttermynneiging te beoordeel, is die finale reeks gladgemaak deur middel van 'n geweegde bewegende gemiddelde.


en elf nuwe aanwyzers, waarvan vyf die vorige aanwyzers vervang. Die konjunktuurverloop van die nuwe teenoor die vorige saamgestelde leidende aanwyser word in grafiek 1 getoon.

Tot en met 1985 is die spesifieke draapunte en die algemene verloop van die vorige en nuwe konjunktuuraanwyser bykans dieselfde. Gedurende die eerste paar maande van 1986 het die vorige aanwyser afgeneem en is 'n klein konjunktuursiklus in 1991-1992 opgemerk wat nie meer in die nuwe aanwyser te sien is nie. Die hoogtepunt wat in 1988 bereik is, het in die geval van die nuwe aanwyser in 'n later stadium voorgekom as wat vroeër bepaal is en die konjunkturele herstel in 1993 van die nuwe aanwyser is minder steil (sien grafiek 4).


### 5.2 Samevallende aanwyser

Vier van die elf oorspronklike samevallende aanwyzers is wegelaat uit die nuwe saamgestelde aanwyser. Die saamgestelde samevallende aanwyser is uit die sewe oorblywende indekse bereken. Die nuwe en die vorige konjunktuurverloop van die saamgestelde aanwyser word in grafiek 2 getoon.


Grafiek 1: Saamgestelde leidende konjunktuuraanwyser




Grafiek 2: Saamgestelde samevallende konjunktuuraanwyser



Grafiek 3: Saamgestelde sloerende konjunktuuraanwyser



Grafiek 4: Saamgestelde konjunktuur-aanwysers



Soos duidelik uit grafiek 2 blyk, stem die spesifieke draaipunte van die vorige en nuwe samevallende konjunkturaanwyser gedurende die tydperk 1979-1991 bykans ooreen. Die grootste verskil tussen die twee is die matige herstel in die konjunkturele verloop van die nuwe aanwyser gedurende 1992-1993, vergeleke met die skerp toename in die vorige aanwyser gedurende die tweede helfte van 1993.

### 5.3 Sloerende aanwyser

Die nuwe saamgestelde sloerende aanwyser bestaan uit agt afsonderlike aanwysers. Dit beteken dat ses van die vorige aanwysers behou is, een nuwe aanwyser bygevoeg is en twee van die vorige aanwysers vervang is met 'n nuwe aanwyser. Die konjunktuurverloop van die nuwe en die vorige saamgestelde aanwysers word in grafiek 3 voorgestel.

Die verloop van die vorige en nuwe sloerende konjunkturaanwyser het gedurende die tagtigerjare bykans volmaak ooreengestem. Die nuwe aanwyser het teen die einde van 1991 kortstondig toegeneem, iets wat nie in die vorige aanwyser bespeur is nie. Drie van die spesifieke draaipunte in die nuwe aanwyser het langer na die ooreenstemmende draaipunte van die konjunktuur gesloer as wat voorheen die geval was.

## 6. Tydsverbande van hersiene aanwysers

Die tydsverband sowel as die gemiddelde maandelikse afwyking tussen die nuwe saamgestelde aanwysers en die verwysingsdraaipunte van die konjunktuur word in tabel 3 getoon.

**Tabel 3. Tydsverband tussen nuwe aanwysers en verwysingsdraaipunte van die konjunktuur\***

Piek	Verwysings-draaipunte	Trog	Same-vallende aanwyser	Leidende aanwyser	Sloerende aanwyser
Augustus 1981		+1	-10	+7	
	Maart 1983	+1	-9	+4	
Junie 1984		-1	-1	+5	
	Maart 1986	0	-13	+14	
Februarie 1989		+2	-9	+5	
Gemiddeld		+½	-8	+7	

\* 'n Plus (minus)-teken dui aan dat die toepaslike aanwyser teenoor die verwysingsdraaipunt sloer (lei).

## **Nota tot tabelle**

### **Openbare finansies – Tabelle S-48 tot S-69 en S-122 tot S-123**

Die implementering van die nuwe Grondwet het daartoe geleid dat die vorige Staatsinkomstefonds en die Skatkisrekening deur 'n Nasionale Inkomstefonds en Skatkisrekening vervang is. Hierdie nuwe rekeninge sluit sekere inkomste-items in wat in die verlede as inkomste van die voormalige TBVC-lande en selfregerende-state gehanteer is. As gevolg hiervan is die statistiese tabelle van die openbare finansies gewysig om die nuwe staatkundige bedeling te weerspieël. Aanpassings is ook aan die gegewens van die voorafgaande jare gemaak om vergelykbare tydreekse te verkry.